NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 31 MEI 2012 OM 11:00

TEENWOORDIG:

wnd Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

RAADSLEDE:

Abrahams, M (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cloete, C M (ANC)
Cox-Bruintjies Y S (TPICO)
Fortuin, C (ANC)
Geel, B W (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Hunsinger, C H H (DA)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Bestuurder: Menslike Hulpbronne, me S de Jongh
Komiteebempte, me R J Pretorius

1. OPENING EN VERWELKOMING: MUNISIPALE BESTUURDER

Die Munispale Bestuurder heet almal hartlik welkom, met 'n spesiale woord van verwelkoming aan Ds Jan Steyn.

Ds Jan Steyn open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen betoon sy medelye teenoor rdh Abé Johnson se familie. Hy bedank ds Steyn vir sy gepaste boodskap, waarna hy die Raad versoek om te staan in gebed aan oorlede Abé Johnson.

1.1 VERKIESING VAN SPEAKER EN OORHANDIGING VAN DIE VOORSITTERSTOEL (3/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen versoek die Raad om nie oor te gaan tot die verkiesing van 'n voltydse speaker nie, maar dat daar slegs vir die vergadering 'n waarnemende speaker aangewys word.

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M Abrahams)

Dat rdh N J A Rust aangewys word as waarnemende speaker vir die vergaderings op datum.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdh N J A Rust bedank sy mede-raadslede vir die aanwysing en heet almal hartlik welkom.

2./...

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit.

3. AFVAARDIGINGS / VERKLARINGS EN MEDEDELINGS / VOORLEGGINGS

3.1 ERKENNING VAN RAADSHEERSKAP

Die Munisipale Bestuurder noem dat rdl M S I Goliath 20 punte behaal het ingevolge die beleidsmaatreëls vir die toekenning van raadsheerskap. Sy is die eerste vroulike raadsheer wat hierdie eer toeval.

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen lees die voorskrif van die sertifikaat voor aan die Raad en wens rdh M S I Goliath baie geluk met haar toekenning. Hy noem dat hy baie trots is om dit aan haar te oorhandig.

Rdh M S I Goliath spreek haar dank en waardering uit teenoor die munisipaliteit vir die toekenning. Sy noem verder dat dit slegs uit volgehoue harde werk voortspruit. Sy versoek haar mede-raadslede om voort te bou op die goeie werk wat almal lewer en te alle tye beskikbaar te wees vir die gemeenskap.

KENNIS GENEEM

3.2 BLOU DRUPPEL STATUS (16/1/B)

Die Munisipale Bestuurder noem dat dit voorwaar ‘n voorreg is om deel te wees van munisipaliteite in Suid-Afrika waaraan Blou Druppel-status verleen is.

Om in aanmerking te kom vir hierdie status moet ‘n gemiddelde van 95% behaal word vir die onderskeie prestasie-areas. Waterkwaliteit is nie die enigste maatstaf nie, maar ook batebestuur, risikobestuur en operasionele bestuur. In die Wes-Kaap het Swartland Munisipaliteit die 10de plek behaal, en die 22ste plek in die res van die land.

Swartland Munisipaliteit kon dit egter nie gedoen het sonder die samewerking van die Weskus Distriksmunisipaliteit as die verspreider van water in ons area nie.

Die Uitvoerende Burgemeester oorhandig die toekennings aan mnre At Botha en Louis Zikmann van die Siviele Ingenieursdepartement en bedank die department vir hul harde werk in die verband. Die Munisipale Bestuurder rig ‘n spesiale woord van dank aan mnr At Botha vir alles wat hy insit in sy werk vir Swartland Munisipaliteit.

VIR KENNISNAME

3.3 KANSA – WêRELD GEEN TABAKDAG

Die Burgemeester, rdh T van Essen noem dat hy namens die Raad ‘n petisie van KANSA onderteken het ter ondersteuning van Wêreld Geen Tabakdag.

KANSA het versoek dat rookwette strenger deur die munispale polisie toegepas moet word. Die ondertekening van die petisie beteken dat Swartland Munisipaliteit KANSA ondersteun in hul veldtog teen rook. Pamflette in hierdie verband is ter inligting uitgedeel.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 29 MAART 2012

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 29 Maart 2012 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 29 MAART 2012

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 29 Maart 2012 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 8 FEBRUARIE 2012

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 15 FEBRUARIE 2012 saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 8 FEBRUARIE 2012

5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 14 MAART 2012 saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 7 MAART 2012

5.4 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 20 MAART 2012

5.5 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 12 APRIL 2012

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se belsuite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die tendertoekenningskomitee, soos vervat in die onderstaande notule:

6.1 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 1 MAART 2012

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 ONDERSOEK NA 'N BEWEERDE OORTREDING VAN DIE GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE DEUR RDL F S HUMPHREYS (3/1/6)
[Rdl F S Humphreys, mnr P A C Humphreys (haar gade), sowel as die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen word van die vergadering verskoon vir die duur van die bespreking.]

Rdl D B Philander spreek sy misnoë uit teenoor die gebeure op 21 Maart 2012 by die LED Indaba dat slegs die gedrag van rdl F S Humphreys ondersoek was en nie ook dié van die Uitvoerende Burgemeester nie. Die Munisipale Bestuurder versoek dat indien rdl D B Philander van mening is dat die Uitvoerende Burgemeester die gedragskode oortree het, daar 'n skriftelike mosie ingedien moet word.

'n Bespreking volg aangaande die verskoning wat deur rdl F S Humphreys aan die Uitvoerende Burgemeester na aanleiding van die aanbeveling van die Reëlskomitee, gemaak moet word.

8.1/...

Rdl J H Cleophas stel voor dat daar 'n skriftelike verskoning in die plaaslike media deur rdl F S Humphreys geplaas moet word.

Die ANC verteenwoordiging is van die opinie dat die verskoning deur rdl F S Humphreys wat as deel van die kommentaar aan die Reëlskomitee gelewer is en soos gesirkuleer met die sakelys, voldoende is.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis met 13 stemme ten gunste van rdl J H Cleophas se voorstel en 7 stemme daarteen.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

(a) Dat kennis geneem word dat die Reëlskomitee, uit hoofde van 'n raadsbesluit geneem op 29 Maart 2012 (item 3.1) versoek was om 'n ondersoek te doen of rdl F S Humphreys met haar *Facebook*-inskrywing van 21 Maart 2012 die Gedragskode vir Raadslede oortree het;

(b) Dat daar kennis geneem word dat die Reëlskomitee, onder voorsitterskap van rdl M van Zyl, op 21 Mei 2012 vergader het en dat rdl Humphreys se kommentaar, gedateer 11 Mei 2012 in ag geneem en oorweeg is;

(c) Dat, met inagneming van die bevinding van die Reëlskomitee, daar akkoord gegaan word –

(i) dat daar op 'n basis van oorwig van waarskynlikheid bevind word dat rdl F S Humphreys artikel 2(b) van die Gedragskode van Raadslede – soos vervat in Bylae 1 van die Stelselswet – oortree het, deurdat haar *Facebook*-inskrywing met gepaardgaande rasse ondertone die Swartland Munisipaliteit en by implikasie die Uitvoerende Burgemeester, omdat hy by name genoem word, wel gekompromitteer het en dat haar handeling nie in die beste belang van die munisipaliteit was nie;

(ii) dat, weens die feit dat daar genoegsame bewys van provokasie was wat die handeling voorafgegaan het en weens die berou wat getoon is met die onvoorwaardelike aanbied van 'n verskoning rdl F S Humphreys ingevolge artikel 14(2)(b) van die Gedragskode skriftelik tereggewys word op haar oortreding;

(iii) dat rdl F S Humphreys verder versoek word om skriftelik verskoning aan die Uitvoerende Burgemeester aan te bied omdat sy hom onregmatig beskuldig het en dat die skriftelike verskoning binne 21 dae aan hom gegee word, met 'n afskrif aan die Speaker;

(iv) dat rdl F S Humphreys verder versoek word om 'n skriftelike verskoning aan die Uitvoerende Burgemeester in die plaaslike media te plaas, en dat sy verantwoordelik sal wees vir die onkostes hieraan verbonde;

(v) dat rdl F S Humphreys ook deur die Raad op haar reg tot appèl ingevolge artikel 14(3)(a) van die Gedragskode gewys word.

8.2 ANC MOSIE INSAKE GEBRUIK VAN KONSULTANTE (3/4/1/1)

Die Speaker gee rdl D B Philander geleentheid om sy mosie toe te lig. Na aanleiding van die inligting voorsien aangaande konsultante, soos met die sakelys gesirkuleer, meld rdl D B Philander dat die volgende leemtes bestaan, nl.:

- dat die inligting voorsien t.o.v. AgriExpert cc nie voldoende is nie;
- versoek die BEE status van die firmas gebruik vir regsdienste nagegaan word, aangesien die groot tenders slegs aan blankes voorsien word en ons oor kundige mense in ons geledere beskik.

Rdl C H H Hunsinger noem dat die inligting voorsien in die verslag voldoen aan die vrae soos uiteengesit in die mosie.

8.2/...

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming, en word dit beslis met 15 stemme vir rdl C H H Hunsinger se voorstel, 6 stemme daarteen en een raadslid wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat kennis geneem word van die inhoud van hierdie verslag rakende die gebruik van konsultante deur die munisipaliteit gedurende die 2010/11 finansiële jaar.

8.3 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM (12/2/B, 12/1/4/1)

[Die Munisipale Bestuurder word van die vergadering verskoon vir die duur van die bespreking.]

'n Lys van onroerende eiendom wat per publieke veiling op 31 Maart 2012 verkoop is, is met die sakelys gesirkuleer tesame met 'n verslag wat op 12 April 2012 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê was.

Rdl C Fortuin verneem waarom die munisipale woning op Yzerfontein van die hand gesit is. Die Uitvoerende Burgemeester bevestig dat daar baie onderhoud aan die huis benodig word, veral aan die binnekant. Dit sou dus 'n groter uitgawe teweeggebring het om die huis eers op te gradeer, alvorens dit vir vervreemding aangebied kon word.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat kennis geneem word van die aanbiedinge ontvang tydens die veiling op 31 Maart 2012 en verder van daardie aanbiedinge wat deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar is;

(b) Dat kennis geneem word dat die koper instemming verleen het om sy aanbod van R730 000 ten opsigte van erf 835, Yzerfontein oop te hou tot op datum en dat die aanbod derhalwe deur die Raad aanvaar word;

(c) Dat verder kennis geneem word dat geen aanbod ten opsigte van die groepsbehuisingserf no. 9302 (groot 7151m²), geleë te Tafelzicht, Malmesbury en erf 11228 (groot 139,761 ha), Malmesbury aanvaar kon word nie, vir die redes genoem in die verslag;

(d) Dat daar op 'n latere stadium deur die Raad oorweging verleen sal word aan die vervreemding van voormelde twee erwe.

8.4 WYSIGING VAN EIENDOMSBELASTINGSVERORDENING (1/1, 5/3/1/B)

Die wysigings van die Eiendomsbelastingsbeleid wat voorgelê is met die sakelys van die Spesiale Raadsvergadering verwys.

Artikel 6 van die *Municipal Property Rates Act* (uitgebring slegs in Engels) bepaal dat 'n munisipaliteit 'n verodening moet aanneem ten einde uitvoering te gee aan die Eiendomsbelastingsbeleid. Dit is dus noodsaaklik dat die wysigings van die beleid ook in die verordening vervat moet wees.

'n Opsomming van die wysigings van die Eiendomsebelastingsverordening soos voorgelê an die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 16 Mei 2012 vir aanbeveling aan die Raad, is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

(a) Dat die Raad kennis neem van die wysigings op die Eiendomsbelastingverordening ten einde uitvoering te kan gee aan die gewysigde Eiendomsbelastingbeleid;

(b) Dat die gewysigde verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

8.5 HERSIENING VAN DIE STELSEL VAN DELEGASIES (2/6/1, 2/6/2)

Die Raad het op sy eerste vergadering gehou op 31 Mei 2011 'n stelsel van delegasies ingevolge artikel 59 van die Munisipale Stelselswet aanvaar. Die aanvaarding behels ook dat die delegasies voortdurend hersien moet word.

In die verslag word melding gemaak van wetgewing, voorskrifte deur Nasionale Tesourie en interne beleide wat wysigings in die delegasies genoodsaak het.

Dat, met die regstellings in datums in die verslag, soos uitgewys deur rdl C H H Hundersinger, word derhalwe –

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van die opsomming van veranderinge wat aan die Register van Delegasies (wat op 31 Mei 2011 aanvaar is) aangebring is, en dat die hersiene Register van Delegasies (gedateer 31 Mei 2012) goedgekeur word.

8.6 AANSTEL VAN BOUBEHEERBEAMPTE (15/4/1)

Mnr Michael Jacobs is ingevolge artikel 5(i) van die Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977 as Senior Boubeheerbeampte van Swartland Munisipaliteite aangestel.

Dit is nodig om amptenare aan te stel wat in mnr Jacobs se afwesigheid hierdie pligte en funksies uit te voer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl D B Philander)

(a) Dat die aanstelling van mnr M Jacobs as Boubeheerbeampte, ingevolge aArtikel 5 (i) van die Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, weer bevestig word;

(b) Dat mnre B Keulder, C Jacobs en me E Juries aangestel word om die funksies en pligte van Boubeheerbeampte uit te voer in die afwesigheid van mnr M Jacobs, onder die omstandighede en vir sodanige periode as wat die Direkteur: Ontwikkelingsdienste dit mag nodig ag.

8.7 WYSIGING AAN DIE REËLS EN PROSEDURES VIR WYKSKOMITEES (3/4/4/B)

Die voorgestelde wysigings aan die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees is vir oorweging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 16 Mei 2012 voorgelê.

Die Munisipale Bestuurder noem (op navraag van rdl C M Cloete) dat die agendas en notules van die onderskeie wykskomiteevergadering op aanvraag beskikbaar sal wees.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

(a) Dat die voorgestelde wysigings aan die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees met onmiddellike effek aanvaar word;

(b) Dat die besluit onder item 6.3 van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou 23 Junie 2011, om die onderskeie proporsioneel verkose raadslede na spesieke wykskomitees aan te wys, herroep word;

(c) Dat kennis geneem word, dat indien die Speaker nie 'n proporsioneel verkose raadslid na 'n spesifieke wykskomitee aanwys nie, die betrokke raadslid die wykskomiteevergadering van sy/haar keuse moet bywoon, om sy/haar rol as PV-raadslid ingevolge paragraaf 18 van die Reëls en Prosedures vir wykskomitees te vervul.

8.8 KAAPSE WESKUS/SWARTLAND TOERISMEVERENIGING: HERNUWING VAN DIENSLEWERINGSOOREENKOMS (9/1/3/2/1)

Munisipaliteite het 'n konstitusionele maandaat om toerisme in hul jurisdiksie te ontwikkel en te administreer. Vir hierdie doeleindes was daar 'n Diensleweringsooreenkoms opgestel met die Kaapse Weskus/Swartland Toerisme Vereniging om die funksie namens die munisipaliteit te behartig. Die bestaande Diensleweringsooreenkoms verval op 30 Junie 2012.

Rdl M van Zyl verwys na Aanhangsel B van die Diensleweringsooreenkoms en versoek dat die datums reggestel word, naamlik vanaf *"1 July 2012 to 1 April 2015"*.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl B W Geel)

(a) Dat die Diensleweringsooreenkoms met die Kaapse Weskus/Swartland Toerisme-vereniging, soos aangeheg by die verslag, goedgekeur word met ingang van 1 Julie 2012 tot 30 Junie 2015;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die Diensleweringsooreenkoms namens die Raad te onderteken, om die Raad se wetlike mandaat insake toerisme te volvoer;

(c) Dat die direktoraat Korporatiewe Dienste opdrag gegee word om, ná ondertekening van die ooreenkoms, aandag te gee aan die volgende:

- die daarstel van gepaste prestasiebestuursindikatore, om die toerismevereniging se prestasie uit hoofde van die ooreenkoms te kan meet (teen nie later nie as 31 Desember 2012);
- die formulering, in samewerking met die interne ouditeur, van gepaste aankoop- en verkrygingsvoorskrifte (teen nie later nie as 30 September 2012);
- die formulering van dispuutbeslegtingsprosedures/-meganismes in soverre die kontrak nie daarvoor voorsiening maak nie (teen nie later nie as 30 September 2012);
- die daarstel van doeltreffende verslagdoeningsisteme, om die raad se bewustheid van die LTO se aktiwiteite te verhoog (teen nie later nie as 30 September 2012).

8.9 JUNIOR STADSRAAD: VERSLAGDOENING INSAKE AKTIWITEITE (3/6)

Die nuwe leerders verkies tot die Junior Stadsraad vir die termyn 1 Maart 2012 – 28 Februarie 2013, was amptelik ingehuldig by 'n funksie gehou op 3 Mei 2012.

By hierdie funksie was rdl Leighthon Jansen van Schoonspruit Sekondêr ingehuldig as die Junior Burgemeester en rdl Anna-Mart Steyn van Hoërskool Swartland as die Junior Onderburgemeester.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van –

(a) die lede wat verkies is tot die Junior Stadsraad vir die termyn 1 Maart 2012 tot Februarie 2013;

(b) die fasiliteerder se verslag m.b.t. die 2012 Bosberaad en R van Dyk se oorsig van die Bosberaad;

(c) die verslag van die uittredende Junior Burgemeester vir 2011;

(d) die beoogde projekte vir 2012, met spesifieke verwysing na die debat-aand; en

(e) die notules van Junior Stadsraadsvergaderings gehou op 17 en 31 Oktober 2011, 23 Januarie 2012, 12 Maart 2012 en 16 April 2012.

8.10 GOEDKEURING VAN DIE GEÏNTEGREERDE VASTE AFVAL ONTWIKKELINGSPLAN *(IWPMP)* (16/4/B)

Alle plaaslike regeringsfere moet volgens die Nasionale Omgewings Bestuursafval Wet, (Wet 59 van 2008) oor 'n Geïntegreerde Vaste Afval Ontwikkelingsplan beskik. Die betrokke wetgewing bepaal verder dat die plan elke 5 jaar hersien moet word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl C Fortuin)

Dat die tweede generasie van die Geïntegreerde Vaste Afval Ontwikkelingsplan goedgekeur word.

8.11 GOEDKEURING VAN DIE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK VIR SWARTLAND MUNISIPALITEIT

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir Swartland Munisipaliteit, soos opgestel ooreenkomstig die Stelselswet in-beginsel goedgekeur, onderhewig daaraan dat –

- die inhoud van die raamwerk gekommunikeer word aan alle rolspelers;
- 'n publieke deelname proses gevolg word;
- die dokument op 'n latere stadium aan die Minister ingevolge artikel 4(6) van Ordonnansie 15 van 1985 voorgelê word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir die totale regsgebied van Swartland ingevolge artikel 28 van die Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 goedgekeur word onderhewig aan die volgende nl.:

(a) dat hierdie dokument aan die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning voorgelê word, ten einde artikel 4(6) van Ordonnansie 15 van 1985 goedkeuring te bekom;

(b) dat die persone/instansies wat in die publieke deelnameproses kommentaar gelewer het van die raad se reaksie in kennis gestel word;

(c) dat die aspek rakende die uitbreiding van die stedelike randgebied van Yzerfontein eers breedvoerig met die Department van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning bespreek sal word alvorens uitsluitsel daaromtrent verleen sal word;

(d) dat die ter stigte inter-departementele bestuurskomitee van Swartland Munisipaliteit soos voorgestel deur die GOP die voorstelle en aksieplanne evalueer en aan 'n gepaste tydsraamwerk met die gepaste begroting koppel;

(e) dat alle toekomstige ontwikkelingsaansoeke aan die beginsels van die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk oorweeg en evalueer sal word;

(f) dat soos ruimtelike behoeftes in die GOP proses verander, dit dienooreenkomstig in die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk aangespreek word;

(g) dat aksieplanne jaarliks uit die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk na die GOP proses vir befondsing verwys word;

(h) dat spesiale pogings jaarliks aangewend sal word ten einde uitvoering aan aksieplanne in die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk uitvoering te gee.

GETEKEN
WNDE SPEAKER